The qualitative researcher will, under normal circumstances, therefore, not choose his experimental group according to statistical criteria (e.g. voters older than 65, readers with an IQ of 140+, journalists within a certain income group, etc.). Rather than using these *random communities* as a point of reference, he will concentrate on more natural, socially identifiable groups and situations.

The qualitative researcher will proceed on the basis that one situation (journalism in America) and another situation (journalism in South Africa) should be compared in an *interpretative* way.

The qualitative researcher will also, contrasted with his empirically oriented colleague, not try and isolate single variables. He will, furthermore, not try and apply this single, narrowly gleaned indicator in an inductive manner to every possible situation. With regard to journalism, the qualitative researcher will, for example, compare the functioning of the quality press in one country with another, rather than identify and isolate one factor of it and investigate this factor only by keeping all other variables constant.

Using comparisons in this way does not mean that qualitative research necessarily implies a holistic view of research objects. Goffman has shown that in-depth analysis is possible within a larger context, while Park has shown that comparisons on an internalized basis can take place within one's own experience (pp. 25-27).

Important comparisons can also be made in terms of historical developments. The work of McLuhan and Lippmann in media research are good examples.

Qualitative research is much more than an unconcerned, anti-septical investigation into *what is*, but is rather intent on arriving at a better understanding of the course of history through comparisons in order to get a firm grip on those values that influence human behaviour.

### Sensitized concepts

Christians and Carey (p. 30 ff), following Blumer, distinguish between the quantitative tradition's definitive type of conceptualization as opposed to sensitized conceptualization propagated by the qualitative tradition. The quantitative researcher aims at lawlike abstractions by the isolation of the conceptual content.

The qualitative researcher, on the other hand, tries to attain more insight into the object of research, i.e. to *dis-cover* the underlying meaning thereof. He is aiming at *meaningful portraits* and not statistically precise formulations which have been deduced from artificially determined operational circumstances — "... The qualitative researcher maps out territories by finding seminal ideas which become permanent intellectual contributions while unveiling the

inner character of events or situations" (p. 31).

The aforementioned does not mean that qualitative research is based on mere personal commitment or unjustified conjectures. By means of repeated observations and evaluation of concepts, the qualitative researcher must produce formulations which enable him to make accurate and substantive generalizations. It is at this point at which the *prophetic element* of qualitative research in communication and journalism becomes evident: a few examples are: *primary group* (Cooley); *egalitarianism* (Tocqueville); *noble savage* (Rousseau) and *paradigm* (Kuhn).

Within the South African context these concepts are not only used to predict, but they also lead to insight and commitment. Examples are Viljoen's *dinkskrum*, De Klerk's *verlig* and *verkramp* and Stoker's view of news as *dubbelbrandpuntig* (where the one focus is the actual, contingent event and the other is man as knower, cf. Snyman, 1971, p. 308).

As Christians and Carey put it:

"Theoretical discovery occurs on a surprise basis, as a serendipity rather than a systematic pursuit. (The qualitative research mode) advocated here is built on the assumption that the knower is inextricably part of what is known rather than standing independently of the social action.

"Prophetic sensitized concepts are the most lasting contribution qualitative research can make" (pp. 34-35).

### The requirements of neutrality and repeatability

The issue of prophetic concepts brings to the fore two basic differences between qualitative and quantitative research methods.

The quantitative method requires that the scientist collects his data as a neutral observer without becoming personally involved. The qualitative researcher accepts that absolute and total objectivity is in itself a scientific impossibility (even the most positivist empiricist has to make some meta-scientific assumptions). The qualitative researcher sees a 'value-free' science as a sterile science, because it excludes (by implication) theorizing at the outset, while it never really attains to theory-building which is usually the ultimate objective of theoretical research. (See the quotation by Merrill, 1977, at the introduction of this paper.)

Secondly, Christians and Carey (p. 35) end on a warning note, by emphasizing that the QM, like any other scientific method, can be used in a slipshod and irresponsible manner. The fact that the QM does not require a certain piece of research to be repeatable in a statistical sense, it neither justifies the sloppy use of the method. They refer in this regard to the meticulous way in which researchers like Becker and Shibutani have documented their original material.

The qualitative researcher also accepts that any approach which does not offer means of reassessment and inter-subjective testing, cannot claim to be

scientific. It is for this reason that the four criteria are laid down, i.e. "to take naturalistic observations seriously, locate context validly, make fruitful comparisons, and formulate imaginative sensitized concepts". The qualitative researcher approaches

"... the larger world of communication theory and social studies generally in order to contribute to those broad concerns which the larger public expects academia to eliminate" (p. 36).

## Conclusion

It has been argued in this paper that the QM offers special opportunities for journalism research and can as such contribute to the development of a theoretical base in this discipline. It can, at the same time, lead to a better understanding of journalism as a profession on an empirical level.

The acceptance of the QM does not, however, mean that quantitative methods in journalism should be abandoned or receive less attention. Burd (1978) has shown that *precision journalism*, for instance, has become an important element in journalism research. This method, also known as PJ, makes use of social scientific techniques like opinion polls and attitude tests, while the instruments of statistical computer analysis forms an essential part of PJ. Quantitative and qualitative methods, therefore, do not exclude each other. A recent example in which the same research object was investigated by qualitative and quantitative methods, is to be found in the investigation of two American newspapers' treatment of the Biko case (Brown, 1980 and Gerber, 1980).

It has been the purpose of this paper to question the tradition in the social science (in particular communication and journalism) which accepts the quantitative method as the only valid scientific method. This paper challenged the viewpoint often heard from the proponents of the quantitative approach that the conceptual or qualitative approach is nothing but a lot of *garbage*. Holmlöv (1978, p. 160) as an example, has indicated that the QM can be applied quite effectively in journalism — even when it deals with *garbage*!

When the QM is considered as an integral component of the research tripartition or breadth, height and depth; and if it is used either as a sole research method or complementary to other approaches, it will be recognised to be a friend and not a foe of a scientific research tradition in journalism.

## References

- Berger, P.L. (1975) *Invitation to sociology. A humanistic perspective*. Middlesex, England: Penguin Books.
- Bhaskar, R. (1979) *The possibility of naturalism. A philosophical critique of the contemporary human sciences*. Sussex: Harvester Press.

- Brown, T. (1980) Did anybody know his name? Coverage of Steve Biko and the Black Consciousness Movement in South Africa by the *New York Times* and the *Washington Post* 1969-1977. *Ecquid Novi*, 1(1), 29-49.
- Burd, G. (1978) Social science methods as precision journalism and urban functions in preventive journalism — new reportorial perspectives in teaching communication. Unpublished paper: Community College Social Science Association, St. Louis, U.S.A.
- Christians, C.G. (1973). Home video systems: a Revolution? *Journal of Broadcasting*, 17, 223-234.
- Christians, C.G. (1976a) A cultural view of mass communications: Some explorations for Christians. *Christian Scholar's Review*, 7(1), 3-22.
- Christians, C.G. (1976b) Jacques Ellul and democracy's 'vital information' premise. *Journalism Monographs*, 45.
- Christians, C.G. (1977a) Communications and the church's outreach: An historical perspective. *The Reformed Journal*, Febr. 1977, 16-20 March, 1977, 11-13.
- Christians, C.G. (1977b) Fifty years of scholarship in media ethics. *Journal of Communication*, 27(4), 19-29.
- Christians, C.G. (1977c) Jacques Ellul's concern with the amorality of contemporary communications. *Communications*, 3, 62-80.
- Christians, C.G. (1978) Variety of approaches used in teaching media ethics. *Journalism Educator*, 33(2), 3-8; 24.
- Christians, C.G. (1979) Integrating the practical and theoretical in professional education. *Scholar and Educator - The Journal of the Society of Educators and Scholars*, —, 1-7.
- Christians, C.G. and Carey, J.W. (—) The logic and aims of qualitative research. In G. Stempel and B. Westley, *Research methods in mass communications*, forthcoming.
- Christians, C.G. and Real, M.R. (1979). Jacques Ellul's contributions to critical media theory. *Journal of Communication*, 29, 83-93.
- Collins, R. and Makowsky, M. (1978) *The discovery of society*. New York: Random House.
- Cuzzort, R.P. and King, E.W. (1976) *Humanity and modern social thought*. Hinsdale, Illinois: Dryden.
- Gerber, A.M. (1980) Die evaluering van Steve Biko in die *New York Times*. *Ecquid Novi*, 1(1), 50-61.
- Giedymin, J. (1975) Antipositivism in contemporary philosophy of social science and humanities. *British Journal for the Philosophy of Science*, 26; 275-301.

- Glessing, R.J. (1970) *The underground press in America*. Bloomington: Indiana University Press.
- Grossberg, L. and Christians, C.G. (1978) Hermeneutics and the study of communication. Unpublished paper: *Association for Education in Journalism*, Annual Convention, Seattle, U.S.A.
- Hardt, H. (1972) The dilemma of mass communication: An existential point of view. *Philosophy and Rhetoric*, 5(3), 175-187.
- Holmlöv, P.G. (1978) Struggles over garbage. A qualitative approach to the study of news reporting on municipal government. *Gazette*, 24(1), 160-172.
- Isaak, A. (1975) *Individuals and world politics*. North Scituate, Massachusetts: Duxbury.
- Jung, H.Y. (Ed.) (1972) *Existential phenomenology and political theory: A reader*. Chicago: Henry Regnery.
- Keat, N. (1971) Positivism, naturalism and anti-naturalism in the social sciences. *Journal for the Theory of Social Behaviour*, 1, 3-18.
- Kline, F.G. (1972) Theory in mass communication research. In Kline, F.G. and Tichenor, P.J. (Eds.) *Current perspectives in mass communication research*. Beverly Hills: Sage. Pp. 17-40.
- Littlejohn, S.W. (1978) *Theories of human communication*. Columbus, Ohio: Merrill.
- Marais, H.C. (1980) *Kommunikasiekunde: 'n Navorsingsperspektief*. Inaugural address: University of the Orange Free State.
- Marais, H.C. and Puth, G. (1980) Boodskapontleding. Department of Communication, University of the Orange Free State. Unpublished manuscript.
- Merrill, J.C. (1974) *The imperative of freedom - a philosophy of journalistic autonomy*. New York: Hastings House.
- Merrill, J.C. (1977) *Existential journalism*. New York: Hastings House.
- Mills, C.W. (1973) Sociology and history. In Mott, P.E., Kaplan, H.M., Yelagotes, G.J., Pittenger, D.B. en Riedel, M. (Eds.) (1973) *Sociological perspectives - Understanding human society*. Columbus, Ohio: Merrill. Pp. 41-49.
- Pienaar, G.J. (1968) *Perssensuur en staatsveiligheid*. Potchefstroom University: Unpublished D.Phil. dissertation.
- Phillips, D.C. (1976) Forty years on: Anti-naturalism, and problems of social experiment and piecemeal social reform. *Inquiry*, 19, 403-425.
- Roshco, B. (1975) *Newsmaking*. Chicago: University of Chicago Press.
- Sahin, H. (1979) The concept of ideology and mass communication research. Unpublished paper: *Association for education in journalism*, Annual Convention, Houston, USA.

- Schwartz, S.H. and Moore, R.L. (1979) Newspaper research on the rocks: An argument for the use of Q methodology in readership studies. *Operant Subjectivity*, 2(4), 124-134.
- Snyman, P.G. (1971) *Pers en leser - 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek*. Potchefstroom: Pro Rege.
- Thomas, D. (1979) *Naturalism and social science. A post-empiricist philosophy of social science*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Tuchman, G. (1971/72) Objectivity as strategic ritual: An examination of newsmen's notions of objectivity. *American Journal of Sociology*, 77, 660-679.
- Tuchman, G. (1978) *Making news: A study in the construction of reality*. New York: The Free Press.
- Tunstall, J. (1971) *Journalists at work. Specialist correspondents: Their news organization, news sources, and competitor-colleagues*. London: Constable.
- Tunstall, J. (1977) *The media are American. Anglo-American media in the world*. London: Constable.
- Van Schoor, M. (1977) *Bestaanskommunikasie*. Bloemfontein: De Villiers.
- Van Schoor, M. (1980) *Kierkegaard en kommunikasie*. Pretoria: Academia.
- Weis, W. (1971) Mass Communication. *Annual Review of Psychology*, 22, 309-336.
- Wolfe, T. and Johnson, E.W. (1975) *The New Journalism*. London: Pan Books.

## Enkele opmerkinge oor die studiegebied van die Kommunikasiekunde

D.F.M. Strauss

Departement Wysbegeerte  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
Bloemfontein

### Abstract

A few remarks concerning the field of study of communication science.

*To account for the nature of any special science is not itself a special scientific concern, as it needs a basic philosophical perspective. It is not sufficient to define the uniqueness of the scientific endeavour in terms of features like systematics, verification/falsification, method, and the so-called relation between a knowing subject and a study-object.*

*Any concrete entity ('object') functions at different modes of being (modalities), such as the numerical mode (aspect), the spatial modality, the sensitive sphere (sometimes passively as a sensed object), the logical aspect (for instance as something analyzable, i.e. identifiable and distinguishable), the sign-aspect (for example its name), the social aspect, etc. The fundamental question therefore is not, what object is scientifically studied, but from what angle (aspect, mode) is this or that entity approached? These different modalities do indeed serve as special scientific approaches (points of entry) to reflect on concrete reality. In order to think scientifically, one has to focus one's attention on a specific modal perspective, disregarding other modal directions of approach. Because abstraction as such occurs frequently in our non-scientific daily life, it is not sufficient to qualify scientific activities. In fact, abstraction and analysis imply each other. To analyse anything implies an act of identification and distinguishing, and abstraction concerns the identification of something (or some characteristic) by disregarding (i.e. distinguishing it from) non-relevant things (or features).*

*Scientific activities display a specific kind of analysis, namely modal analysis (abstraction). However, the identification of a modality delimiting the field of study of a special science always implies that one must simultaneously distinguish it from other modalities. This stresses the necessity of a philosophical view on the coherent diversity of modal aspects.*

*The uniqueness of these modal aspects explains the inherent limits of conceptual definition - in the final analysis, every definition depends on primitive (indefinable) terms. This insight is briefly applied to the notion of communication and explored in the direction of the disclosed structure of the sign-mode. An account is given of the implied subject-object-object-subject*

*relation of communication in the socially disclosed sign-aspect. To explain the nature of various types of communication an appeal is made to different kinds of social intercourse, classified as consociational, communal and associational relationships. The conditions of meaning (presupposing choice) and interpretation point to the typical human character of communication as it is conceived of in this analysis.*

Wanneer rekenskap gegee moet word van die begrensende gesigshoek van 'n bepaalde wetenskaplike studie-gebied, word ons steeds gekonfronteer met grondleggende wysgerige vrae. Trouens, die grondvraag: wat is wetenskap? is 'n veronderstelling vir die aanduiding van die studie-gebied van enige vak-wetenskap. Maar juis hierdie vraag kan nooit vakwetenskaplik beantwoord word nie, eenvoudig omdat dit nie 'n vakwetenskaplike vraag is nie. Wanneer 'n kommunikasiekundige (net soos enige ander vakwetenskaplike) wil sê wat sy wetenskap behels, tree hy as't ware terug en praat van buite óór sy vak. Die funderende wysgerige visie wat hiervoor nodig is, moet nie alleen verantwoord wat wetenskap in die algemeen is nie, maar moet ook die uniekheid van 'n bepaalde wetenskaplike gesigspunt belig in sy samehang met ander gesigspunte.

Die merkwaardige van hierdie situasie is egter dat, hoewel die vakman slegs wysgerig óór sy vak (en die studie-gebied daarvan) kan praat, hierdie (vak-)filosofiese spreke tog ook moet rekening hou met die inhoud van die vak! Daarom besit juis die vakman noodsaaklike kennis wat onontbeerlik is om hierdie grondleggende wysgerige vraag te beantwoord. 'n Saaklike tipering van die uniek-onderskeidende kenmerk van wetenskap in die algemeen sal vanself nadere begroning verskaf vir die stelling dat 'n vakwetenskaplike noodwendig op wysgerige wyse die aard en begrensing van sy studievelde moet verantwoord.

### Die uniekheid van wetenskap

Wie op soek is na die onderskeidende kenmerk van wetenskap sal moet afsien van al dié kenmerke wat ook aanwesig is by nie-wetenskaplike aktiwiteite — soos sistematiek, verifikasie/valsifikasie, metodologie, e.s.m. (vgl. Strauss, 1980, p. 2 e.v.). Selfs die vermeende relasie tussen 'n kennende subjek en sy sg. studie-objek bied geen uitkoms nie. Beskou slegs die posisie van drie dissiplines soos die Bedryfsielkunde, Bedryfsosiologie en Bedryfsekonomie. Kan ons sê die studie-objek van hierdie dissiplines is die bedryf? Indien wel, sou ons die drie nie werklik kon onderskei nie. Die verskille blyk egter nie uit die vermeende studie-objek (nl. die bedryf) nie, maar uit die eiesoortige gesigshoek (aspek) waaruit vakwetenskaplik na die bedryf gekyk word.

Enige entiteit of gebeurtenis in die werklikheid vertoon te wens 'n verskeidenheid van aspekte wat dit moontlik maak om vanuit verskillende gesigshoeke (ook vakwetenskaplik) daaroor te praat. Die verskillende aspekte van die werklikheid dien inderdaad as toegangspoorte tot ons spreke oor enigiets.

Wanneer ek bv. 'n bepaalde motor identifiseer (deur dit te onderskei van ander motors of ander entiteite) kan ek vervolgens sê die motor is *duur* (ekonomiese toegangspoort), *mooi* (toegangspoort van die estetiese aspek), *modern* (historiese invalshoek), *fyn beplan* (analitiese gesigspunt), *sterk* (fisiese sy), *groot* (ruimtelike bestaanswyse), *gemaklik* (sensitief-psigiese modus), *my eiendom* (juridiese funksie), *betroubaar* — ek glo dit sal my veilig vervoer (geloofsmodaliteit), e.s.m.

Die aspekte op grond waarvan ons oor die dinge en gebeurtenisse in ons alledaagse lewe praat, word egter nooit as *sodanig* uitgelig nie. Ons ervaar bv. steeds die ekonomiese aspek aan en in die spesifieke motor wat ons as duur getakseer het, die estetiese aspek aan en in die motor wat ons mooi vind, e.s.m. Dit wil sê, iemand wat opmerk dat 'n motor mooi, duur of modern is, het nog nie daarmee gekom tot 'n vakwetenskaplike prysteorie, estetika of geskiedenis-teorie nie. Om dit te doen, moet immers oorgegaan word tot die *uitlig* van 'n bepaalde aspek as sodanig en wel deur tegelyk *af te sien* van ander aspekte óf die besondere wyse waarop 'n entiteit soos 'n motor in die betrokke aspek funksioneer. (Elke entiteit of gebeurtenis *funksioneer* trouens op 'n konkreet-individuele en -universele wyse binne die *universele kader* van elk van die verskillende werklikheidsaspekte.)

Wanneer 'n bepaalde aspek (bestaanswyse, faset, modus, modaliteit) van die werklikheid *geabstraheer* word, vind daar dus tegelyk *identifisering* (uitlig uit) en *onderskeiding* (af sien van) plaas. Die *gelyktydigheid* van hierdie twee momente dui op die wederkerige implikasie wat daarin vervat is. Wie byvoorbeeld 'n stoel *identifiseer*, kan dit slegs doen deur tegelyk af te sien van alles wat nie 'n stoel is nie, deur dit dus tegelyk te *onderskei* van ander dinge. Omgekeerd kan 'n tafel en 'n stoel weer slegs van mekaar *onderskei* word indien beide gelyktydig *geïdentifiseer* word. Die aard van analise berus egter op niks anders as hierdie twee momente van identifisering en onderskeiding in hul wederkerig-impliserende betrokkenheid op mekaar nie. Aangesien identifisering en onderskeiding egter wissel terme is vir die twee bene van abstrahering (nl. *uitlig uit* en *af sien van*), is dit duidelik dat *analise* en *abstrahering* presies dieselfde saak aandui. Die kernvraag is in hierdie verband of *analise* (*abstrahering*) slegs 'n wetenskaplike aangeleentheid is, en of dit ook in ons alledaagse nie-wetenskaplike lewe voorkom?

Dat dit inderdaad 'n egte bestanddeel van ons daaglikse lewensoriëntasie vorm, blyk reeds prominent uit ons alledaagse begripsvorming. Om 'n *begrip* van enigiets te vorm, moet *afgesien* word van dit wat nie ter sake is nie, sodat slegs die relevante kenmerke daarvan *uitgelig* kan word. Dink selfs aan die klein kindjie wat vir die eerste keer 'n duif sien. Gedagtig aan die naam *duif* wat hy by sy vader geleer het, sien hy enkele dae later 'n mossie, maar roep dan: Pappa, kyk die *duif*! Wat hier plaasgevind het, is 'n voorbeeld van alledaagse abstrahering (ons kan dit ook 'konkrete abstrahering' noem): op grond van sekere sintuiglik-waargenome kenmerke van die duif, bv. snawel, pootjies, vere en vlerke, het die seuntjie die (nie-teoretiese) begrip 'voëltjie' gevorm en onmiddellik die mossie herken as 'n voëltjie. Ongelukkig het hy die

naam 'duif' vir die begrip 'voëltjie' gebruik (wat o.m. die prinsipiële verskil tussen *begrip* en *woord* belig). Die kenmerke wat opgeneem is in die *begripsvoorstelling* 'voëltjie' is almal *universele* kenmerke — dit appelleer op die voëltjie-wêes van watter individuele voël ook al. Ook wanneer ons van korrekte *naam*-gewing gebruik maak, bly daar 'n prinsipiële verskil bestaan tussen begrip en woord.

Die verskeidenheid van entiteite waarmee ons in ons alledaagse lewe te make het, soos mense, bome, diere, huise, meubels, huwelike, state, e.s.m., kan almal geïdentifiseer word op grond van die *eïening* (herkenning) van die universele kenmerke van die mens-wees, boom-wees, dier-wees, e.s.m., wat in elke geïdentifiseerde mens, boom of dier teruggevind word. Die identifisering van 'n mens, 'n boom of 'n dier dui dus op die begripsmatige *samevatting* (*sintese*) van alle essensiële (konstitutiewe) universele kenmerke van mens-wees, boom-wees of dier-wees. *Sintese* behoort derhalwe tot die aard van identifisering en impliseer onderskeiding. Indien identifisering (*sintese*) egter teenoor onderskeiding staan, is *sintese* niks anders as een van die twee bene van *analise* nie. Die ken-teoretiese tradisie sedert Kant, wat analise téénoor *sintese* stel, is daarom foutief: analise *omvat* beide *sintese* (identifisering) én *onderskeiding*!

Waar ons alledaagse begripsvorming steeds geskied aan die hand van die *universele* kenmerke van iets, is ons tog deurgaans talig met *individuele* entiteite in bepaalde situasies besig (dit appelleer op die deiktiese funksie van taalgebruik). Dit wat individueel is, onttrek sig gevolglik aan alle begripsvorming omdat lg. steeds aan die hand van universele terme geskied (iets wat Aristoteles reeds besef het — vgl. *Metafisika* 1 040 a 5 e.v.). (Op die feit dat Aristoteles kennis herlei het tot *begrips*-kennis — en daarmee geen ruimte gelaat het vir dié soort kennis waarmee ons ook die individuele kén nie, nl. *idee*-kennis — gaan ons nie nader in nie.)

Die begrip wat ons van entiteite vorm, berus steeds op die universele kant, op die *wetmatigheid* of *orde*-likheid daarvan, wat egter verwys na die grondleggende *wet* of *orde* daarvoor. Die *wet* as die *orde* vir die bestaan van enige entiteit kondisioneer die *ordelikheid* van elke entiteit — en deur die ordelikheid daarvan tóón elke entiteit sy wetsgekondisioneerdeheid. Hierdie wetsgekondisioneerdeheid gee inhoud aan die onbepaalde lidwoord 'n wat steeds op die universele kant van iets dui (d.i. bv. die mens-wees van 'n mens of die boom-wees van 'n boom), maar wat slegs die onverbreeklike korrelaat is van die *individuele* sy van 'n entiteit. Wanneer ons sê *hierdie* mens is 'n mens, dui ons onderskeidelik op die individuele en die universele kant van die betrokke mens.

In onderskeiding van die abstrahering (analise) wat ons in die alledaagse lewe aantref en wat ons bestempel het as konkrete abstrahering (omdat dit steeds gerig bly op die tipiese totaalstruktuur van entiteite), word die *uniekheid* van wetenskap gekarakteriseer deur die aard van *modale abstrahering*, d.i. deur die identifisering van 'n bepaalde modus (aspek) wat tegelyk van ander



aspekte onderskei word. Die algemene biologie moet bv. die universele struktuur van die biotiese aspek modaal-abstraherend insig kry, want anders sal tipiese biologie-navorsing nooit effektief onderskei kan word van die fisika- of iets soos die sosiologie-navorsing nie.

Hoewel die Wysbegeerte 'n samehangende geheelbeeld op die werklikheidsverskeidenheid wil bied, bly dit net soos die vakwetenskappe aangewese op modale onderskeidings, want die teoretiese verantwoording van die struktuur van entiteite kan slegs geskied deur die toegangspoort van (teoreties geartikuleerde) modale aspekte. Ons het reeds opgemerk (vgl. die voorbeeld van die motor hierbo) dat selfs die alledaagse ervaring slegs deur die toegangspoort van die aspekte iets kan uitsê oor entiteite — en modaal-abstraherende (d.i. teoretiese) denke artikuleer bloot hierdie toegangspoorte deur hulle eksplisiet te identifiseer en te onderskei. Aangesien identifisering steeds onderskeiding impliseer (en omgekeerd), volg dit vanself dat die werklikheid minstens twee aspekte moet besit. Anders gestel: indien die werklikheid slegs één aspek besit het, sou analise sinloos gewees het, aangesien elke indentifiseringspoging niks sal vind waarvan die betrokke aspek *onderskei* kan word nie. Hoogstens sou volstaan moes word met *toutologieë*. Elke monistiese *-isme* versand ten slotte in sinlose toutologieë, want wanneer die fisikalis, vitalis of historis vanuit hul eksklusief-eensydige grondnoemer-keuse telkens kom met totale aanspraak soos: alles is fisies, alles is lewe of alles is storie, word slegs herhalings geformuleer: vir die fisikalis is die mens bv. deur en deur *fisies* — wanneer hy daarom sou beweer *die mens is fisies* impliseer die *identiteitstrekking* van die koppelwoord *is* dat die woord *mens* vervang kan word deur *fisies*, wat ten slotte daarop neerkom dat die stelling *die mens is fisies* vir die fisikalis niks méér sê nie as die toutologie: *fisies is fisies!* Dergelike monistiese *-ismes* berus steeds op die verabsoluttering van die een of ander werklikheidsaspek en besit, merkwaardig genoeg, nie alleen 'n geweldige invloed in die geskiedenis van alle vakwetenskappe nie, want dit lééf vandag nog steeds in die vakwetenskappe in bepaalde strominge.

### Die vakwetenskaplike begrening van die Kommunikasiekunde

'n Merkwaardige kenmerk van die verskillende aspekte van die werklikheid is dat die unieke sin van elkeen nie alleen onherleibaar is nie, maar tegelyk ook ondefinieerbaar is (vgl. Strauss, 1980, p. 36 e.v.). Die unieke eie-aard van die aspekte (die sin-kerne daarvan) is dus *primitiewe* (in die sin van: ongedefinieerde) terme van 'n vakwetenskap. Ten slotte vorm ons begrippe en definisies in ongedefinieerde terme, want 'n voortgaande definiëring lei tot die logiese absurditeit van 'n *regressus ad infinitum*. (Hierdie insig dui inderdaad op die beperktheid en onselfgenoegsaamheid van alle menslike denke — kontra die rasionalistiese verabsoluttering van begripskennis.) Die wiskundige sit met die primitiewe term *getal*, die bioloog met *lewe*, die kinematikus met *beweging*, die psigoloog met *sensitiwiteit*, die semiotikus met *betekening*, die etikus met *liefde*, die topoloog met *omgewing* (uitgebreidheid), e.s.m.

Wie daarom kommunikasie wil *definieer*, aanvaar dat dit as sodanig nie 'n primitiewe (ongedefinieerde) term is nie. Alles is dan egter afhanklik van watter ánder primitiewe terme gebruik word om kommunikasie te definieer. Woord-etimologie kan hier selfs misleidend wees, want die Latynse *communicatio* beteken oorspronklik: *mede-delings*. Die laaste lid, nl. *delings* veronderstel die term *verdelings* wat op sý beurt verwys na die aard van 'n *geheel-delerelasie* — en hierdie relasie vind sy oorspronklike modale tuiste in die ruimte-aspek van die werklikheid. Iets wat kontinu uitgebreid is, is sódanig gekonnekteerd dat alle *dele* van die *geheel* gapingloos saamhang. Die *mede* van mededeling eggo nie alleen iets van die ruimte nie, omdat dit ook iets bevat van *oordrag*, wat *energie-inset* met 'n sekere *effek* (gevolg) impliseer (vgl. selfs die formele analogie tussen informasie-formules en entropie). Soms word hierdie effek ook aangedui met die term *beïnvloed*, bv. wanneer 'n omskrywing soos die volgende van kommunikasie gegee word: die gedrag waardeur een organisme die gedrag of innerlike gesteldheid van 'n ander organisme beïnvloed. In hierdie omskrywing word mede geappelleer op die dimensie van entiteite — met *organisme* word na mens of dier verwys.

Verdere elemente verskyn bv. in die volgende omskrywing: 'Simply defined, communication is the art of transmitting information, ideas, and attitudes from one person to another' (Emery, Ault en Agee, 1975, p. 4). Die term 'art' verwys na die tegniese wyse (d.i. die kultuur-historiese aspek van 'transmitting'; lg. dui basies dieselfde aan as die term mededeling in die sin van oordrag. Implisiteit in hierdie omskrywings is natuurlik altyd die een of ander kommunikasiemodel (waarop ons aanstons kortliks ingaan).

Nog 'n verdere dimensie tree na vore wanneer kommunikasie omskryf word as die 'ver-gemeenskapliking van betekenis' (vgl. bv. Marais, 1979), omdat hier 'n duidelike appél uitgeoefen word op die sin van die tekenaspek en die sosiale aspek van die werklikheid. Die oorspronklike sin van die teken-aspek word tewens gereguleer deur die norm (kode): *beteken*. Die feitlike korrelaat hiervan vind ons in die subjektiewe *betekenings-aktiwiteit* van die mens wat betrekking het op dit wat beteken *-is* (betekenis). (Hierdie drie gesigspunte onderlê die gebruiklike voorkeure vir die onderskeie aanduidings *semiotiek*, *linguïstiek* en *semantiek*.)

Uit die voorbeeld waarin ons verwys het na die verskillende modale toegangspoorte tot ons spreke oor iets soos 'n motor, kan ons ook die aandag vestig op die feit dat elke entiteit (soos 'n motor) in beginsel in alle aspekte van die werklikheid funksioneer. In die aspekte van getal, ruimte, beweging en die fisiese besit alle entiteite slegs subjeksfunksies (d.w.s. alle entiteite funksioneer aktief in hierdie eerste vier werklikheidsaspekte). Dieselfde kan egter nie gesê word van die *biotiese* aspek nie, want alle lewelose stoflike entiteite (elementêre deeltjies, atome, molekule, makro-molekule, makro-sisteme) kan slegs passief (objektief) as lewensmiddele in die biotiese aspek funksioneer. In die sensitief-psigiese aspek kan beide stoflike dinge en plante slegs as objekte verskyn (bv. wanneer dit deur 'n mens of dier *waargeneem* word).

Op 'n ooreenstemmende wyse kan ons verwys na die potensiele ekonomiese

funksie van entiteite wat eerste geaktualiseer word wanneer daar bv. sprake is van die koop van 'n diamant waardeur die ekonomiese objeksfunksie van die diamant wat aanvanklik bloot *latent* was, *gepatenteer*, (d.i. *ontsluit*) word. Omdat alle entiteite in alle aspekte van die werklikheid funksioneer, spreek dit vanself dat alle entiteite ook (al is dit soms bloot 'n latente) *teken-funksie* besit. Hierdie teken-funksie kan bv. *verbaal* gepatenteer word deur die *benoemingsaktiwiteit* van *teken-subjekte* (d.i. mense). Deur verskillende vorme van patent-making word die universele teken-modus telkens anders *gespesifiseer* (l.w. nie *geïndividualiseer* nie, want daarmee sou die prinsipiële verskil tussen universeel en individueel verval).

Alle entiteite wat deur die mens gemaak is (d. w. s. objektief-tegnies gefundeerd is), maar wat nié deur die teken-aspek gestempel word nie (vgl. entiteite soos handelsmerke, wapens, grafstene, verloofringe, e.s.m.) spesifiseer die teken-aspek op 'n bepaalde wyse wat bv. verskil van dié kategorie entiteite wat nié mensgemaak is nie se objektiewe tekenfunksie (bv. dierespore, saampakkende donderwolke, simptomatiese kleur, e.s.m.).

Van beide voorgenoemde kategorieë verskil weer *verbale tekens* wat as 'n tweede soort entiteit ontstaan deur die patent-making van ander entiteite se latente objektiewe tekenfunksies (die woord *hond* is 'n nuwe entiteit waardeur die objektiewe tekenfunksie van 'n bepaalde hond ontsluit kan word).

Hierdie spesifisering word differensierend verdiep deur die sosiale ontsluiting van die teken-aspek, d. w. s. deur die wyse waarop die oorspronklike (modale) subjek-objekrelasie binne die teken-aspek (betreffende die relasie tussen 'n subjektief-betekenende mens en die gepatenteerde objektiewe teken-funksie van die een of ander entiteitsgeaarde saak, toestand of gebeurtenis), gerig word op die omgang en verkeer tussen mense. Hoewel omgang en verkeer 'n oorspronklike gegewe in die sosiale aspek van die werklikheid is, bestaan daar 'n (vooruitwysende) samehang tussen hierdie aspek en die funderende teken-aspek en wel in die moment van 'teken-verkeer'. (Hierdie soort samehangsmoment, wat dui op die verskil in die ooreenkoms tussen twee aspekte — vgl. Strauss, 1980, p. 24 e.v. — word ook 'n *analogie* genoem.)

Vanuit hierdie perspektief gesien kan ons kommunikasie omskryf op grond van die sosiaal-ontslote sin van die teken-aspek. Dit betref uiteraard regstreeks ook die ontsluiting van die subjek-objekrelasies in die teken-aspek. Die primêre objek (bron) word via die primêre subjek (sender) gepatenteer in 'n sekondêre objek (klank, geskrewe taal), wat deur die sekondêre subjek geïnterpreteer word (ontvanger van boodskap) ooreenkomstig die kode (norm) wat hierdie s-o-o-s-relasie reguleer.

'n Algemene formulering sou dus kon stel dat die begrensende gesigshoek van die Kommunikasiekunde as vakwetenskap gegee is in die ontslote struktuur van die teken-aspek van die werklikheid. (Soortgelyke situasies word ook in ander vakwetenskappe aangetref. Dink bv. aan die geskiedenis-wetenskap wat, in onderskeiding van die Volkekunde, sy vakwetenskaplike studie-veld omgrens vind in die ontslote struktuur van die historiese aspek, of aan die

Biochemie en Biofisika wat afgestem is op die (vooruitwysende) biotiese analogie in die struktuur van die fisies-chemiese aspek.)

Die prominensie van sosiaal-ontslote teken-funksies verklaar ook waarom 'n klassifikasie van verskillende wyses van omgang en verkeer noodsaaklik is vir die Kommunikasiekunde as vakwetenskap. Soms word daar bv. gepraat van informasie-sisteme, inter-persoonlike kommunikasie, massakommunikasie, inter-kulturele kommunikasie, politieke kommunikasie, onderrig-kommunikasie, gesondheidskommunikasie en organisasie-kommunikasie.

Hoewel 'n klassifikasie van die wyses van omgang en verkeer in 'n beskaafde gedifferensieerde samelewing 'n komplekse analise nodig het (vgl. Strauss, 1980, pp. 180-189), lig ons hier die betekenis van enkele kernpunte uit vir die aard van verskillende soorte kommunikasie.

Die leidinggewende metodologiese gesigspunt vir só 'n klassifikasie is gegee in die insig dat alle funderende analogieë (retrosipasies) in die struktuur van die sosiale aspek verreken moet word. Die moderne sosiologie ken tewens verskeie klassifikasies wat slegs op enkele analogiese struktuur-momente in die sosiale aspek appelleer. Die bekende onderskeiding van F. Tönnies (1972, Voorwoord van 7de en 8ste druk, vgl. pp. xiv-xv), nl. tussen *Gemeinschaft* en *Gesellschaft*, betrek slegs wederkerig bevestigende relasies (dit het betrekking op die logiese analogie van sosiale ooreenstemming of konsensus), wat dan vervolgens nader gepresiseer word deur die toegangspoorte van die biotiese, die kinematies en die fisiese aspekte: die aard van *Gemeinschaft* word bestempel as *organies* en dié van *Gesellschaft* as 'n *meganiese aggremaat*. Die indelinge waarvan ander prominente sosioloë (soos Sorokin, Maclver, Parsons, e.a.) gebruik maak, bevat ooreenstemmende tekortkominge.

Daadwerklike omgang en verkeer tussen mense funksioneer steeds op 'n spesifieke wyse in die sosiale (en ander) aspek(te) en wel sodanig dat 'n bepaalde *spesifikasie* aan die universele modale sin daarvan gegee word. Die kinematiese analogie in die struktuur van die sosiale aspek betref byvoorbeeld sosiale interaksie van wisselende *duursaamheid* — één soort relasie kan betreklik duursaam wees, terwyl 'n ander bloot insidenteel kan wees. Die sin van só 'n analogiese moment kom egter eers duidelik na vore wanneer dit in samehang met ánder analogieë ontleed word. As analogie van termodinamiese oop sisteme (d.i. die fisiese analogie in 'n gepresiseerde sin) vertoon sommige relasies só 'n duursaamheid dat die onderlinge wisselwerking (kom en gaan) van individue nie die voortbestaan of identiteit van die betrokke sosiale verbintnisse ophef nie. Die term *inter-aksie* dui op 'n kombinasie van die ruimte- en fisiese analogieë, en dit spreek vanself dat bloot insidentele sosiale interaksie geen duursame geheel daar kan stel wat kontinueer ongeag die wisseling van deelnemende sosiale subjekte nie. Hierdie opmerking verwys ons na alternatiewe spesifikasies wat die ruimte-analogie kan ontvang. Sosiale interaksie kan bv. plaasvind binne 'n lewensvorm wat geïntegreer is tot 'n egte *geheel* (totaliteit — die geheel-delerelasie is oorspronklik ruimtelik van aard), of dit kan op 'n lossier basis van teenoor-mekaar-staan geskied. Die

naas-mekaar-staan of newe-skikkende aard van sommige vorme van sosiale interaksie staan op sy beurt weer teenoor dié vorme waarin definitiewe relasies van bowe- en onder-skikking aangetref word. Hierdie besondere gestalte van die ruimte-analogie verwys ons regstreeks na die historiese analogie (aan die normsy) van die sosiale aspek, want dit betref die kompetensie (mag) van ('n) sosiale gesagsdraer(s) oor sekere gesagsonderworpenes.

Wanneer ons die verskillende spesifikasies verreken wat aan alle modale analogieë in die sosiale aspek gegee kan word, kan ons globaal oorgaan tot die volgende *tipes* van omgang en verkeer. Korthedshalwe kan ons gebruik maak van die volgende twee maatstawwe, nl. (i) 'n permanente gesagstruktuur (d.i. 'n duursame relasie van bowe- en onderskikking) en (ii) 'n solidêre eenheidskarakter (dit betref die aard van lewensvorme wat hul eenheid en identiteit kontinueer ongeag die wisseling van sy lede). Die maksimum spesifikasie wat 'n duursaam georganiseerde lewensvorm kan ontvang, is gegee in die besit van beide 'n solidêre eenheidskarakter en 'n permanente gesagstruktuur. Alle lewensvorme wat albei hierdie (modale totaal-) kenmerke besit, staan bekend as *verbande*.

Voorbeelde van verbande is die staat, kerk, skool, bedryf, universiteit, gesin, kunsvereniging, sportklub, kultuurvereniging en taalvereniging. Die staat besit 'n duursame relasie van bowe- en onderskikking (d.w.s. 'n permanente gesagstruktuur), terwyl die eenheid en identiteit van 'n staat nie opgehef word deur die wisseling van sy burgers (hetsy owerheids persone of onderdane) nie. Wanneer lewensvorme egter slegs één van hierdie kenmerke besit, noem ons dit 'n *gemeenskap*. Die volk en die familie besit wel 'n solidêre eenheidskarakter, maar geen permanente gesagstruktuur kan aangewys word nie. Die huweliksgemeenskap besit daarenteen wel 'n permanente gesagstruktuur, hoewel 'n solidêre eenheidskarakter afwesig is, want as enigen van die eggenote wegval, is die huwelik tot niet. (Terloops vermeld ons dat hierdie onderskeidings impliseer dat nóg 'n staat, nóg 'n provinsie, nóg 'n stad, nóg 'n plattelandse dorp aan te dui is as 'n gemeenskap. M.b.t. die staatlke kant van die gemelde gegewens het ons immers telkens met (hoëre of laere) vorme van owerheids gesag te doen, wat dui op bowe- en onderskikkende relasies wat juis afwesig is in 'n gemeenskap. In werklikheid vertoon 'n stad en 'n dorp 'n besondere vervlegting van uiteenlopende verbande, gemeenskappe en dit wat ons aanstons identifiseer as maatskapsverhoudinge.)

Maatskapsbetrekkings besit nóg 'n permanente gesagstruktuur, nóg 'n solidêre eenheidskarakter. Dit betref die inter-relasies van individue, instansies en lewensvorme wat op voet van gelykheid naas en teenoor mekaar te staan kom. Dit kan onderverdeel word in die volgende drie tipes, nl. (a) inter-individuele, (b) inter-gemeenskaps- en (c) inter-verbandsverhoudinge.

Juis omdat menslike kommunikasie aangewese is op die verskillende wyses van omgang en verkeer wat bestaan, spreek dit vanself dat kommunikasie altyd van 'n intra-verbandsaard, 'n intra-gemeenskapsaard of 'n inter- (a, b, c) maatskapsaard sal wees. Dit impliseer dat ons die verskillende soorte kommunikasie waarna hierbo verwys is, soos volg kan indeel:

- *Inter-persoonlike kommunikasie* besit 'n inter-individuele maatskapsaard;
- dieselfde geld van *massakommunikasie*, behalwe in dié gevalle waar die massa 'n egte gemeenskap daarstel (dan het ons te doen met intragemeenskapskommunikasie);
- *inter-kulturele kommunikasie* kan betrekking hê op verskillende volke as identifiseerbare kultuurgemeenskappe — dan betref dit inter-gemeenskapskommunikasie;
- *politieke kommunikasie* binne 'n bepaalde staat verteenwoordig intra-verbandskommunikasie en dieselfde geld van *onderrig-* en *organisasiekommunikasie* in soverre dit binne 'n opvoedingsverband (soos die gesin, skool of universiteit) of 'n verbandsorganisasie voorkom — anders kan dit 'n intra-gemeenskapskarakter, 'n inter-gemeenskapsaard of 'n maatskapskarakter besit;
- afhangende van hoe gesondheid verstaan word, sou *gesondheidskommunikasie* ook by verskillende van hierdie moontlikhede ingedeel kan word.

### Besluit

Die wyse waarop ons kommunikasie benader het op grond van sosiaal-ontslote teken-funksies wat hulle binne verskillende tipes van sosiale omgang en verkeer afspeel, neem uiteraard sy vertrekpunt in die aard van *menslike kommunikasie* wat *betekenisvol* gestruktureer is. Verskeie semantici beklemtoon teweens dat *betekenis* steeds *keuse* veronderstel (vgl. Nida, 1979, p. 203 en De Klerk, 1978, p. 6). Dit impliseer dat van die ontvanger van 'n betekenisvolle boodskap *interpretasie* gevêrg word. Hierdie keuse-element verwys nie alleen na die funderende logiese aspek nie, maar belig veral die toerekenbare beslissingsvryheid van die mens waarvoor geen enkele dier beskik nie. Daarom is die voorgaande voorlopige ontleding juis afgestem op die tipiese aard van menslike kommunikasie.

### Verwysings

- De Klerk, W.J. (1978) *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworths.
- Emery, E., Ault, P.H. en Agee, W.K. (1975) *Introduction to mass communications*. New York: Dodd, Mead and Company.
- Marais, H.C. (1979) *Kommunikasie in kleingroepe*, Bloemfontein: De Villiers.
- Nida, E.A. (1979) *Componential analysis of meaning*. New York: Mouton.
- Strauss, D.F.M. (1980) *Inleiding tot die kosmologie*. Bloemfontein: Sacum.
- Tönnies, F.: (1972) *Gemeinschaft und Gesellschaft* (1887, 8ste, hersiene uitgawe 1935). Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

## The rôle of the SA Advertising Research Foundation in communications research

Casper Venter

General Manager  
SAARF  
Sandton

### Abstract

*The South African Advertising Research Foundation started operations in January 1975. The SAARF is financed by a levy of 0,5 per cent added by the media to their published advertising rates. The primary objectives of the SAARF are to develop an organisation for research which can conduct, promote, and sponsor comprehensive and continuous audience and product usage surveys. It further aims to improve professional standards and methods of research as well as the effective use of research results; to sponsor relevant education and research by tertiary education institutions; and to liaise with international organisations involved in advertising and marketing research. Up to now six All media and product surveys have been conducted. The cost per interview in AMPS studies compare very favourably with costs overseas. It is concluded that total involvement of all concerned, including academic institutions, is essential for raising the research standards even more.*

South Africa presents a well developed media scene, with advertising opportunities available in a wide range of weekly, fortnightly and monthly magazines; in numerous regional and local newspapers; in the cinema; on radio; and on television.

Side by side with this extensive spread of media, audience measurement research has thrived over some period, the first readership survey having been taken in 1948.

Whilst parallels may reasonably be drawn with continental Europe, with Britain or with the USA, both in terms of media availability and of the scale of audience research, two aspects of the South African scene sharply differentiate the market: the sheer physical magnitude of the research problem and the organisational approach taken towards its solution.

Apart from the technical difficulties inherent in audience measurement worldwide the South African researcher faces the problems of a multi-racial, multilingual population, dispersed over wide distances, at an extremely low density outside the cities; and of national media co-existent with small, highly localised but commercially important publications.

Commenting on the present form of media research organisations in SA,

Charles Ramond wrote in the *Journal of Advertising Research*:

"But as a model for the rest of the world the most interesting approach is that of South Africa. There, anticipating the introduction of television in 1976, the major advertisers have agreed to pay the whole cost of a multimedia, multiproduct survey administered by a body the advertisers intend will represent all sides of the industry — clients, agencies, press and the powerful South African Broadcasting Corporation. On October 24, 1973, a date which may prove a milestone in worldwide media research, the executive director of the Society of Marketers announced: 'The Society of Marketers has established an Advertising Research Foundation, recognising the importance of creating a system whereby objective and sophisticated audience measurement research will be undertaken.'

"The key to the Society's proposal lies in its ingenious method of funding the South African ARF: a surcharge on all media costs not to exceed half of one per cent. Appearing as part of the media budget, it is not likely to antagonise company accountants. And since the advertising agencies will not take a commission on this surcharge, they will pay their share. Result: an annual budget for the South African ARF, obtained without the time and cost of periodic solicitation, sufficient to finance the required industry projects."

The South African Advertising Research Foundation started operations in January 1975 with headquarters in Sandton City. The Foundation or SAARF, as it is generally known, laid down a few basic principles as main objectives and operating functions:

- To develop an organisation for research for the maximum service to the advertising industry generally including media owners, practitioners in advertising, and marketers, in every facet of advertising and marketing research.
- To conduct, promote, and sponsor a regular comprehensive and continuous media audience and product usage survey, AMPS, to provide comparable multi-media, multi-racial and multi-product reports to members and the industry in general.
- To seek to improve the professional standards and methods in advertising and marketing research and to evaluate and validate existing methods to ensure the validity of results obtained by the research techniques applied.
- To encourage and finance educational seminars and courses to improve the effective use of research results obtained by SAARF projects, and to provide sponsorships and subsidies to universities and colleges involved in any form of education or research related to the marketing and communications industry.
- In the national interest and in the interest of its members to maintain contact with, and exchange material with international organisations involved in advertising and marketing research and to maintain a comprehensive information service.

To date SAARF has completed and published six *All media and product*

surveys. AMPS basically comprises a multi-media audience measurement study which also incorporates extensive demographic classification data, as well as measurements of product usage in a large number of fields. Whilst the personal interview is the prime mode of data collection, self-completion questionnaires on product usage and personally placed listenership/viewership diaries have also been used supplementarily.

Both prior to the establishment of SAARF and through the history of AMPS to date, a considerable volume of theoretical and developmental research has been carried out. The Advertising Research Foundation consequently commissioned the publication of this programme's thinking and findings in book form. This was published in 1978 by Wally Langschmidt — *Reliability of response in readership research* and followed by *Aspects of reliability of response in readership research* by Wally Langschmidt and Michael Brown, reproduced with kind permission of the *Journal of the Market Research Society* in London. Mr. Brown, who is based in London, is Technical Advisor to SAARF.

Membership of SAARF is open to all organisations and companies engaged in advertising and marketing. The present membership is:

- Foundation Member: ● The SA Society of Marketers
- Founder Members: ● South African Broadcasting Corporation  
● Association of Accredited Practitioners in Advertising  
● Newspaper Press Union  
● Cinemark  
● Outdoor Advertising Association of South Africa

The Foundation maintains regular contact and association with numerous bodies and organisations in the Republic in order to promote and sponsor the activities of SAARF and to ensure the availability and effective use of AMPS data and all other information and studies produced from time to time.

Membership and associations:

- MASA (Media Association of SA)
- SAMRA (SA Market Research Association)
- Bureau for Economic Research, Stellenbosch
- Bureau of Market Research, Pretoria
- University of SA
- Rand Afrikaans University
- Potchefstroom University
- University of the Western Cape
- Rhodes University
- University of Cape Town
- University of the OFS

- Post Graduate Business School, University of Stellenbosch
- Pretoria Technikon
- Natal Technikon

It is one of the major objectives of the Foundation to maintain contact and work in close co-operation with international associations involved in advertising and marketing research. SAARF is a member of:

- The Advertising Research Foundation (ARF) in New York, with associations throughout the USA
- Canadian Advertising Research Foundation (CARF)
- The European Media Research Organisation (EMRO) with associations in:

West Germany	France	Netherlands
Great Britain	Switzerland	Ireland
Austria	Belgium	Norway
Finland	Spain	Italy
Denmark		

- ESOMAR (European Society for Opinion and Marketing Research)

AMPS is a measurement of people, their exposure to media and usage of products. It provides objective, comparable and regular data to enable marketers, advertisers and advertising agencies to plot and study trends over a period of time, an invaluable marketing tool and an essential item in the hands of practitioners in communication.

AMPS Provides details about:

- People, who they are and their
- reading habits of newspapers and magazines, their
- listening habits to radio
- viewing habits of TV, and
- cinema going and
- some of the things they do,
- financial institutions used,
- durable items in their home, and
- products used and bought

Duplication of media exposure

- newspaper readers of other newspapers
- magazine readers of other magazines
- newspaper readers of magazines
- magazine readers of newspapers

Duplication of media groups by

- daily newspapers
- weekly newspapers
- magazines

- radio
- television and
- cinema
- frequency and thoroughness of reading of newspapers and:
- Demographic profiles of each of the newspapers and magazines by main demographics.
- Profiles of radio and TV stations, by channel and each quarter hour by day of the week.
- AMPS'79 also included the "origin of copy" in the case of print media.

Media research is not a simple process, and a number of critical factors which require careful consideration and planning, are involved. Cost and financing the research are other vital elements which have had material effects on audience measurement in many parts of the world. Media and other subjects covered in the study also play a major rôle, although it is the ideal in most countries to cover at least major media types, detailed demographics and a number of key product groups.

In South Africa, with virtually complete media and product coverage, on a national scale and covering all races, the cost per interview in a study like AMPS is R30. The following are a few international comparisons:

Austria	R22
Belgium	R51
Finland	R28
France	R70
Germany	R78
Netherlands	R37
Norway	R30
Switzerland	R36

Methods of financing also differ materially from country to country. It is considered world-wide that South Africa has the "ideal" system whereby one hundred percent of the costs are carried by advertisers. This method ensures that all measurements retain the highest possible degree of objectivity and neutrality and that the influences of self-interest are kept to a minimum. Another interesting situation in South Africa is that advertising agencies do not contribute to the costs of media research either which could, in fact, be a weakness in the present system.

The direct interest in, and influence on the research by media — as opposed to the advertisers — is illustrated by the following table which indicates the financial involvement by all media types in the national surveys:

Austria	82%
Belgium	40%
Denmark	100%
Finland	67%

France	64%
Germany	97%
Norway	82%
Netherlands	90%
Switzerland	60%
United Kingdom	80%

With the exception of Denmark where media finance the complete project, the remaining percentage of funds required, is raised by payments by advertising agencies, advertisers and the sale of reports and computer tapes containing detailed results.

While, on the one hand, there are numerous similarities between the media research methods used internationally, there are also many minor, and major differences. This does not, however, mean that results in various parts of the world are either more, or less valid: On the question of validity, the SAARF Technical Advisor, Mr. Michael Brown, summarised the position very clearly in his statement:

*"To question the absolute validity of any measure of audience size for any medium is to ask a meaningless question, since the units of measurement are arbitrary. When the distance between two natural features of the landscape is surveyed, the accuracy of measurement is a matter of reasonable debate, but not the unit of measurement — there are absolute and generally accepted standards of 'a kilometer' or 'a mile'.*

*"The case is completely different for measurement of numbers of readers or listeners or viewers or cinema-goers. The results are entirely dependent, at base, on the operational definitions of 'reading' or 'listening' or 'viewing' or 'cinema-going' that have been employed.*

*"It is therefore completely unreasonable to ask 'is this particular audience measurement right?' The task to which research can be addressed:*

- *To assess the reasonableness of some particular operational definition of audience against the uses to which the data are to be put*
- *To investigate whether a particular measurement technique accurately and reproducibly categorises people in terms of this operational definition*
- *To examine data from different sources and determine whether such differences as are apparent are likely to be due to the definitions and techniques employed, or to other factors."*

To summarise: it is believed that the South African communications industry has come a long way to improve the effectiveness of media and advertising research. There is, however, still a great deal of work to be done and the SA Advertising Research Foundation strongly advocates the total involvement of all concerned in the communications industry, and particularly wishes to encourage academic participation.

## References

- Brown, M. and Langschmidt, W. (1980) *Same aspects of response in readership research*. Sandton: SAARF.
- Langschmidt, W. (1978) *Reliability of response in readership research*. Sandton: SAARF.

## Die eerste dekade van Interkulturele Kommunikasie: 'n Oorsig van die belangrikste boeke

H.J. Groenewald

Departement Kommunikasiekunde  
Universiteit van Fort Hare  
Alice

### Abstract

The first decade of intercultural communication: An overview of some important books

*This paper deals with eleven of the more important books on intercultural communication published over the past decade. A basic point of departure is that intercultural communication has become increasingly important due to factors such as technological, economic and political developments. The books are discussed in terms of the following issues: delimitation of the field and level of analysis; participating parties and symbol systems; perception; attitudes, values and beliefs; theoretical contributions, such as dialogue and cultural criticism; intercultural research; and applications. It is concluded that reasonable agreement exists among the authors on the importance of the field, and the nature of the major variables, although they are incorporated within different theoretical frameworks. It is predicted that the present decade will see a growth in the area of research, which up to the present seems to have been lagging behind.*

Interkulturele kommunikasie het sedert die begin van die sewentigerjare ontwikkel tot 'n selfstandige spesialisingsgebied in die Kommunikasiekunde. Die vernaamste rede hiervoor is, volgens Casmir (1978), 'n diepe besorgdheid oor die gevolge van interkulturele kontak en kommunikasie oor die wêreld. Praktiese omstandighede in baie samelewings dwing sosiaal-wetenskaplikes, en kommunikasiekundiges in die besonder, om indringend te besin oor die wyses waarop mense van verskillende kulture kan saam woon en saam werk.

Die verskynsel van interkulturele kommunikasie bestaan uiteraard al eeue lank. Cherry (1971) wys daarop dat menslike kontak ná die Tweede Wêreldoorlog baie toegeneem het vanweë beter vervoermiddels en tegnologiese ontwikkelinge wat die oorskryding van kulturele grense deur die moderne massamedia moontlik maak. Die moderne mens word vandag, soos Harms (1973) opmerk, deur twee vlakke van kultuur beïnvloed. Enersyds is daar 'n makro- of wêreldkultuur wat veral in die ontwikkelende lande gedeeltelik op die mens afgedwing word, en andersyds ook 'n plaaslik of omgewingsgeba-

seerde mikrokuiluur wat elke mens in 'n besondere samelewing daaglik beïnvloed. Beide kultuurvlakke vind direk of indirek neerslag in menslike kommunikasie en is die rede waarom A. G. Smith (1966) aanvoer dat in enige transaksie tussen twee partye sekere interkulturele elemente aanwesig is.

'n Studie van interkulturele kommunikasie is tans vir baie sosiaal-wetenskaplikes 'n belangrike prioriteit omdat ekonomiese, politieke en persoonlike belange meebring dat mense van verskillende kulture met mekaar móét kommunikeer. Kennis van die ander party se kultuur word saam met sekere kommunikatiewe eienskappe as noodsaaklik vir suksesvolle interkulturele kommunikasie beskou.

Reeds gedurende die sestigerjare het o.a. Oliver (1962) en Hall (1969) aan sommige van hierdie aspekte aandag gegee. Tydens die afgelope dekade is daar vanweë die bydraes van bekende kommunikasiekundiges groter duidelikheid oor interkulturele kommunikasie verkry.

Hierdie artikel is 'n kort vergelykende oorsig van sommige van die belangrikste boeke wat die afgelope dekade op die gebied van interkulturele kommunikasie verskyn het.

### **Afbakening van die spesialisingsgebied**

Oor die studiegebied van interkulturele kommunikasie het kommunikasiekundiges nog nie konsensus bereik nie. Dit blyk veral uit die verskillende konsepte wat gebruik word om interkulturele kommunikasie van ander vorme van kommunikasie te onderskei.

### *Interrasse- en interetniese kommunikasie*

Hierdie begrippe word veral deur Smith (1973), tans bekend as M. K. Asante, en Rich (1974) gebruik. Hulle beskryf met dié begrippe hoofsaaklik kommunikasie tussen verskillende rasse en etniese groepe in een samelewing en in die besonder tussen blankes en swartes in die VSA.

Tiley (1974), hoort ook by hierdie indeling tuis, hoewel sy werk op die Suid-Afrikaanse samelewing toegespits is. Eersgenoemde twee boeke is veral wat die basiese konsepte betref, al ietwat verouderd, hoewel dit nog nuttige en relevante inligting bevat. Ook Tiley se gegewens oor die Suid-Afrikaanse gemeenskap het in sommige gevalle verouderd geraak. Laasgenoemde boek verskil van die eerste twee in die opsig dat dit geen kommunikasiekundige werk is nie en geskryf is vir die algemene publiek.

Daar is verskeie redes waarom interrasse- en interetniese kommunikasie in onbruik geraak het. So bv. kan verskeie volke uit dieselfde ras bestaan, soos in Wes-Europa, met baie duidelike kulturele verskille wat kommunikasie kan bemoeilik. Dit is selfs moontlik dat 'n lid van 'n ander ras in 'n sekere gemeenskap deur akkulturasie so deel word van daardie gemeenskap dat die begrip interrasse-kommunikasie heeltemal irrelevant is. Samovar en Porter (1976) toon aan dat etnisiteit nie altyd kulturele verskille uitsluit nie en daarom deur die begrip interkultureel vervang kan word.

### *Kruiskulturele kommunikasie*

In die werke van Asante e.a. (1979) en Casmir (1978) word nie duidelik tussen kruiskulturele en interkulturele kommunikasie onderskei nie. Ander outeurs soos Prosser (1978) en Harms (1973) beskryf kruiskulturele kommunikasie as kollektiewe kommunikasie tussen kulturele woordvoerders van verskillende kulturele groepe. 'n Ander belangrike aspek is die interaksie tussen verskillende kulturele groepe. Dit is veral 'n nuttige begrip wanneer 'n sistematiese vergelyking van twee of meer kulture nodig is. Dit is egter meer 'n etnologiese en sosiologiese as kommunikasiekundige begrip. Omdat kruiskulturele kommunikasie volgens laasgenoemde twee outeurs hoofsaaklik unilateraal geskied, is massakommunikasie in plurale gemeenskappe 'n goeie voorbeeld hiervan.

### *Internasionale kommunikasie*

Sowel Harms (1973) as Casmir (1978) maak geen duidelike onderskeid tussen interkulturele en internasionale kommunikasie nie. Trouens, Harms was van mening: "The field of intercultural communication does not yet permit terminological exactness" (1973, p.88). Ook Casmir spreek hom teen 'n skerp afbakening uit (1978, p. 499) en dit verbaas dus nie as Sarbaugh (1979) opmerk dat die begrippe soms as sinonieme voorkom nie.

Saam met Fischer en Merrill (1976) en ook Prosser (1978) stem Casmir (1978) saam dat internasionale kommunikasie tussen verteenwoordigers van nasies of state plaasvind. Hierby is dus 'n dimensie van politieke kommunikasie betrokke. In internasionale kommunikasie is daar dus altyd interkulturele aspekte betrek, hoewel die omgekeerde nie noodwendig waar is nie. Om internasionale met interkulturele kommunikasie gelyk te stel, is volgens Sarbaugh 'n beperking van laasgenoemde begrip.

### *Intra- en interkulturele kommunikasie*

Harms (1973) en Sarbaugh (1979) gebruik intrakulturele kommunikasie om na kommunikasie tussen lede van dieselfde kultuurgroep te verwys. Tussen hierdie persone bestaan daar 'n hele aantal kulturele ooreenkomste wat die kommunikasie tussen hulle vergemaklik. 'n Basiese uitgangspunt in interkulturele kommunikasie is ooreenkomste en verskille tussen mense (Prosser, Asante e.a., en Casmir) en intrakulturele kommunikasie beklemtoon dan eersgenoemde. Die begrip word egter nie algemeen gebruik nie en transaksies tussen lede van 'n homogene kultuur word slegs as kommunikasie bestempel.

Sowel Harms (1973) Condon en Yousef (1975), Samovar en Porter (1976), Sitaram en Cogdell (1976), Prosser (1978) en Sarbaugh (1979) stem saam dat interkulturele kommunikasie op interpersoonlike vlak tussen persone van verskillende kulture plaasvind.

Asante e.a. (1979) en Casmir (1978) stem in breë trekke hiermee saam. Gewoonlik word duidelik onderskeibare subkulture in 'n dominante kultuur as 'n ander kultuurgroep beskou, bv. Chicano's (Amerikaners van Mexikaan-



se afkoms) of Franssprekende Kanadese. Samovar en Porter (1976) se poging om homoseksuele as 'n subkultuur vir die doeleindes van interkulturele kommunikasie te beskou, geniet baie min of geen steun onder kommunikasiekundiges nie.

Volgens Prosser, Casmir en Sarbaugh is daar slegs 'n graduele verskil tussen interkulturele en interpersoonlike kommunikasie. Die belangrikste veranderlikes in 'n interpersoonlike sisteem is ook in 'n interkulturele sisteem aanwesig, hoewel kultuur 'n veel belangriker rol in laasgenoemde geval speel. Harms se stelling dat interkulturele kommunikasie hoofsaaklik op diadiese en kleingroepvlak plaasvind, geniet algemene steun van kommunikasiekundiges.

### Deelnemende partye

In interkulturele situasies kommunikeer die betrokke partye van aangesig tot aangesig, soos Condon en Yousef (1975) en Prosser (1978) se voorbeelde van interkulturele gesprekke aantoon. Tydens sulke transaksies is daar 'n aantal belangrike faktore aanwesig wat gesamentlik as die partye se verwysingskader bestempel kan word. Belangrike aspekte van die partye se verwysingskaders in interkulturele transaksies word deur verskeie outeurs behandel.

### Simboolsisteme

'n Algemene voorwaarde vir voortgesette interkulturele kommunikasie is die beskikbaarheid van 'n gemeenskaplike simboolsisteem en hieroor bestaan konsensus by al die outeurs. Condon en Yousef (1975) is dit met Prosser (1978) eens dat die keuse van 'n gemeenskaplike simboolsisteem soms baie moeilik kan wees en dat een of albei partye 'n tweede of selfs 'n derde taal moet gebruik. Dit kan die interkulturele kommunikasie baie bemoeilik, soos ook soms die geval is waar 'n tolk die enigste "medium" blyk te wees.

Die noue verband tussen taal en kultuur word deur Samovar en Porter (1976) beklemtoon en aangevul deur Rich (1974) en Prosser (1978). Wat taal is en hoe dit in kommunikasie gebruik word, is 'n funksie van kultuur. Dit impliseer dat verskille in styl, vorm en veral betekenis van ooreenstemmende simbole, interkulturele kommunikasie ingrypend kan beïnvloed soos Sitaram en Cogdell (1976) aantoon met hul vergelyking van teorieë oor verbale simboolsisteme uit verskillende kulture. Ook Condon en Yousef (1975) asook Prosser verskaf voorbeelde om die aspek te illustreer. Smith (1973) en Rich (1974) wys op die rol van rassistiese simbole en die "gelade" betekenis daarvan wat interkulturele kommunikasie kan skaad.

Rich (1974), Condon en Yousef (1975), en ook Prosser (1978) lewer indringende kommentaar oor die wyse waarop taal persepsie en denke beïnvloed. Die Sapir-Whorfhipotese wat taal as 'n primêre faktor in die vorming van alledaagse ervaring van die mens beskou, word veral deur Condon en Yousef en Prosser gekritiseer. Ander linguistiese teorieë, soos dié oor die Generatiewe Grammatika, word deur laasgenoemde skrywers geëvalueer en die utiliteitswaarde vir interkulturele kommunikasie in perspektief

geplaas.

'n Belangrike vraag word deur Condon en Yousef (1975) gestel: Sal kennis van 'n taal bydra tot groter kennis van die kultuur waaruit die taal voortkom? Kenners van interkulturele kommunikasie, soos Casmir en Prosser, gee hierop 'n positiewe antwoord, maar die praktiese omstandighede kan 'n struikelblok wees. Tiley (1974) wys op die omstandighede in Suid-Afrika waar naas Afrikaans en Engels nog agt swart tale gepraat word. Dat slegs twee persent van alle blankes in die land 'n swart taal magtig is, kan 'n aanduiding wees van die blankes se onkunde oor swart kulture in die land, hoewel Condon en Yousef wys op ander wyses waarop kennis oor kulture bekom kan word.

'n Ander moontlikheid wat interkulturele kommunikasiekundiges interesseer is een *lingua franca*, bv. Engels of Frans, in die wêreld. Condon en Yousef lewer hierop kommentaar: "... Since a language can be used to express dislike as much as to express attraction and to confuse or conceal as much as to clarify, there is no guarantee that a common language would lead to less acrimony than the poor world suffers now" (1975 p. 168).

Betekenis in kommunikasie word gekonstitueer deur verbale sowel as nie-verbale simbole. Vir die totstandkoming van begrip en die vorming van 'n eventuele verstandhouding, is Rich, Condon en Yousef, en ook Prosser, dit eens dat probleme met die verbale simboolsisteem *mutatis mutandis* geld vir die nie-verbale sfeer. Nie-verbale simbole vervul veral 'n belangrike meta-kommunikatiewe funksie wat die verwagting van een party van die ander se kommunikasie betref. Prosser sowel as Condon en Yousef gee voorbeelde hiervan.

Die meeste outeurs verkies om verbale en nie-verbale aspekte van interkulturele kommunikasie as afsonderlike dimensies te bespreek, sonder om die interafhanklikheid van die simboolsisteme uit die oog te verloor. Een rede hiervoor is dat verskille tussen die twee sisteme so beter aangedui kan word.

Rich (1974), Sitaram en Cogdell (1976), Condon en Yousef (1975), en Prosser (1978) beskryf hoe verskille in kinestiek, proksetietiek en die konsep van tyd interkulturele kommunikasie kan bemoeilik. Kleredrag, eetgewoontes en oogkontak word deur Sitaram en Cogdell bespreek. 'n Belangrike aspek, deur Condon en Yousef verduidelik, is dat nie-verbale simbole minder gekontroleer kan word as verbale simbole en daarom word eersgenoemde as egter en betroubaarder kommunikasie ervaar. Verdere aspekte is fisiese voorkoms as basis vir interpersoonlike aantreklikheid (Rich), en ook die status van die vrou en die geringskatting van die invloed van bygeloof (Sitaram en Cogdell). Condon en Yousef verwys na die rol van taboes oor sensitiewe aspekte van kultuur soos die seksuele en die dood.

Oor sensitiwiteit vir nie-verbale simbole sê Ramsay (Asante e.a., 1979): "... It is necessary to have a specific description of an action as well as knowledge of the options or range of expressive choices from which the action was chosen. In other words, knowledge about what was done takes on meaning from

behaviours that could have been but were not performed" (p. 135).

### **Interkulturele waarneming**

Waarneming, die ontvangs en die analiseer van inligting, kry weliswaar minder aandag in die literatuur as simboolsisteme, maar is nie daarom minder belangrik nie. Sarbaugh (1979) wys daarop dat persepsie 'n bepalende faktor is in die vasstelling van die homo- of heterogeniteit van die kommunikerende partye.

Met die totstandkoming van 'n interkulturele verhouding speel waarneming 'n belangrike rol — veral wat betref die keuse van die gespreksgenoot, die onderwerp en die tyd aan die kommunikasie afgestaan. Dit help, volgens Samovar en Porter (1976), mee om 'n klimaat van openheid en opregtheid te skep wat bevorderlik is vir 'n positiewe verstandhouding. Sarbaugh (1979) wys op die rol van waarneming in aangeleerde kommunikasiepatrone wat weer kultureel bepaald is. So bv. kan een party gewoonde wees aan 'n streng hiërargiese verhoudingspatroon, terwyl die ander 'n simmetriese verhouding verkies.

Condon en Yousef (1975), sowel as Prosser bespreek met voorbeelde uit verskillende kulture hoe mense se lewens- en wêreldbeskouing verskil. Prosser verduidelik die funksie van waarneming in die vorming van subjektiewe kultuur, terwyl Samovar en Porter (1976) wys op die waarneming van die Westerse kultuur as dominant deur veral kultuurgroepe uit die Derde Wêreld. Howell (Asante e.a., 1979) wyt die teenkating teen die Westerse analitiese benadering, veral in die wetenskap, aan 'n holistiese waarneming van gebeure en die werklikheid by Oosterse en Afrikakulture. Rich (1974) gee 'n uiteensetting waarom veral houdinge, waardes en oortuigings so verskillend deur kultuurgroepe waargeneem en ervaar word. Ook die belangrikheid van selektiewe waarneming en die rol daarvan in die vorming van vooroordele en stereotipes, word verduidelik. Laasgenoemde aspekte word ook deur Condon en Yousef, sowel as Prosser as belangrik beskou. Asante en Newmark (Asante e.a.) meen dat waarneming 'n rol vervul in die demistifikasie van die interkulturele kommunikasieproses.

### **Houdinge, waardes en oortuigings**

Rich (1974), Condon en Yousef (1975), en Prosser (1978), beklemtoon die deurslaggewende rol van houdinge, waardes en oortuigings in die interkulturele kommunikasieproses. Hoewel daar verskille voorkom met die omskrywing van die onderskeie konsepte, stem die outeurs saam oor die interafhanklikheid daarvan in die menslike verwysingsraamwerk.

Sitaram en Cogdell (1976) verskil enigsins van bogenoemde persone met hul konsep van die waardesisteme as die sentrale faset van die verwysingskader. Vir hulle bestaan 'n waardesisteme uit waardes, oortuigings, verwagtinge, gebruike en houdings van mense. Verlaas waardes en oortuigings is volgens bogenoemde outeurs, diep ingebed in kultuur en is minder onderworpe aan verandering as houdinge. Dit is egter opmerklik dat waardes 'n belangriker

plek in die besprekings in neem as houdings en oortuigings.

Wyses waarop moontlike botsings oor veral waardes en oortuigings vermy kan word, kry aandag van Rich (1974), Condon en Yousef (1975), Prosser (1978), en ook van Samovar en Porter (1976). Rich stel 'n doelgerigte vermindering van egosentrisme voor wat nie beteken 'n verwerping van die eie waardes en oortuigings nie, maar wel 'n groter sensitiwiteit impliseer vir die belangrikheid van hierdie faktore vir die ander party. Vir Rich is empatie 'n moontlike oplossing, hoewel Howell (Asante, e.a. 1979) daarop wys dat dié konsep eers herdefinieer moet word vir groter toepaslikheid in interkulturele kommunikasie.

Sitaram en Haapanen (Asante, et al.) beskryf die gewenste houding van die interkulturele partye as 'n bereidwilligheid om die ander party se waardes te begryp en die vermoë om by die verskille in waardes aan te pas. Hierin word hulle ondersteun deur die ander outeurs.

### **Teoretiese bydraes**

Gedurende die afgelope dekade het die teoretiese ontwikkeling van interkulturele kommunikasie, volgens Casmir (1978) en Asante e.a. (1979), nie na wense gevorder nie, ondanks belovende pogings, o.m. deur Stewart (1974). Daar was vóór die sewentigerjare ook nie veel pogings om 'n teoretiese fondament daar te stel waarop voortgebou kan word nie, te oordeel na die werke van Smith (1973), Rich (1974) en Harms (1973). Dit is verstaanbaar dat geprobeer is om bestaande teorieë in die kommunikasiekunde te gebruik en dit aan te pas vir interkulturele situasies. Howell (Asante e.a.) verklaar egter dat die teorieë waaroor kommunikasiekundiges beskik, nie alleen onvoldoende is nie, maar ook te analities en monokultureel van aard.

Asante e.a. voer as rede vir die teoretiese agterstand aan dat kommunikasiekundiges eers in die tweede helfte van die vorige dekade begin het om aandag te skenk aan die kompleksiteit van die kommunikasieproses. 'n Bykomende faktor, volgens Prosser (1978) en Sarbaugh (1979), blyk te wees 'n verontagsaming van ooreenkomste en verskille as 'n basiese uitgangspunt. Die meeste outeurs probeer ook om kultuur en kommunikasie enersyds te definieer en andersyds om die mate van wedersydse beïnvloeding te bepaal. Sulke pogings het nie veel bygedra tot 'n beter begrip van die interkulturele kommunikasiefenomeen nie.

Die hooftrekke van die teoretiese ontwikkeling die afgelope dekade word vervolgens aan die hand van 'n enigsins arbitrêre indeling geskets. Asante e.a., onderskei tussen twee hoofstrominge, nl. kulturele dialoog en kulturele kritiek.

### **Kulturele dialoog**

Voorstanders van hierdie stroming, en dit sluit die meeste kommunikasiekundiges in, steun die beskouing dat interkulturele kommunikasie op die interpersoonlike vlak plaasvind en sien dialoog as die ideale vorm van kommu-

nikasie. Daar word ook allereers gesoek na moontlike ooreenkomste of gemeenskaplike faktore by die kommunikatiewe partye. Die kommunikasieproses word as die grondslag van interkulturele transaksies beskou.

Met behulp van die volgende onderskeidings kan aksentverskille tussen die outeurs aangedui word.

### Retoriek

Werke oor interpersoonlike kommunikasie van Amerikaanse oorsprong vertoon byna sonder uitsondering die invloed van die retoriek as 'n uitvloeisel van "speech education" in die VSA. Dit is ook merkbaar in 'n mindere of meerdere mate in die boeke oor interkulturele kommunikasie wat hier ter sprake kom, met die uitsondering van Tiley (1974). Omdat Condon en Yousef (1975) se boek hierdie invloed die duidelikste vertoon, word enkele aspekte van die retoriek-teorie uit hul werk verduidelik. So bv. verskil dié boek van die ander in die opsig dat naas diadiese en kleingroepkommunikasie, ook die invloed van openbare redevoering en die implikasies wat dit vir besprekings, debatte en vraag-en-antwoordsessies inhou, aan die orde kom.

Kernaspekte van die algemene retoriek-teorie is die oorredingsvermoë van 'n mededeler, leierskap en argumentering. Condon en Yousef gee hoogstens 'n aanduiding van hoe hierdie aspekte op 'n los en onsistematiese wyse interkulturele transaksies beïnvloed. Dit is meer 'n beklemtoning van die belangrikheid van bv. leierskap in plurale gemeenskappe soos die VSA, waar 'n lid van een kultuurgroep lede van 'n ander kultuurgroep op plaaslike, staats- of federale vlak kan verteenwoordig. Om slegs die belangrikheid van interkulturele retoriek te verduidelik, is nog geen teoretiese bydrae nie en in dié opsig skiet Blake (Asante e.a., 1979) ook te kort. Laasgenoemde outeur gee ook 'n uiteensetting van die oorheersing van 'n Westers georiënteerde retoriek en die probleme wat wetenskaplikes uit ander kulture daarmee kan ondervind.

### Kognitiewe benadering

Die kognitiewe of mensgerigte ("humanistic") benadering is vaag en onomlyn en word verteenwoordig deur die werke van Sitaram en Cogdell (1976), en Prosser (1978). Dit kan kortliks beskryf word as 'n aksentuering van die menslike aspekte in 'n kommunikasiesituasie soos bv. openhartigheid, vertroue en begrip. Dié benadering beklemtoon ook 'n intuitiewe begrip van en respek vir "die ander kultuur". Situatiewe veranderlikes is belangrik en endogame verandering deur middel van kommunikasie is verkieslik bo 'n gedwonge verandering.

Soos die vorige benadering word bewustheid van die eie kultuur en elke interkulturele transaksie as 'n unieke gebeurtenis benadruk. 'n Kenmerk van die werke is die voorbeelde van interkulturele transaksies (Prosser) en die vergelyking van die Westerse kultuur met ander en voorbeelde uit antieke kulture (Sitaram en Cogdell).

'n Ander aspek wat laasgenoemde twee werke gemeen het, is hul aandrag op

die deurslaggewende rol van die boodskap in die kommunikasieproses wat in bepaalde opsigte 'n diskrepansie van hul teoretiese standpunt is. Dit is ietwat ongewoon dat kommunikasiekundiges in die sewentigerjare daarvan oortuig is dat 'n "effektiewe boodskap" noodwendig tot effektiewe kommunikasie lei.

Sitaram en Cogdell bederf ook hul werk met die definiering van interkulturele kommunikasie as die handeling om te verstaan of verstaan te word deur 'n bestemming uit 'n ander kultuur. Hulle gebruik 'n voorbeeld van twee mans wat gesels en een van die partye verstaan nie heeltemal die kommunikasie van die ander nie. Volgens die skrywers was dit geen kommunikasie nie. So 'n kontroversiële aanname verswak hul basiese uitgangspunt en is ook nie bevorderlik vir verdere teorievorming nie.

### Sisteembenadering en die transaksionele perspektief

Vanweë die noue verband tussen die sisteembenadering en die transaksionele perspektief, word dit hier saamgevoeg om enkele ooreenstemmende aannames by sowel Asante e.a. (1979) en Casmir (1978) uit te wys.

Om die komplekse en multidimensionele verskynsel van interkulturele kommunikasie te begryp, moet mense eerstens as oop sisteme beskou word en hul kommunikasie, soos Casmir dit stel, moet 'n holistiese, kulturele en ekologiese gesigspunt weerspieël. Hiermee stem Howell (Asante e.a.) in breë trekke saam. Casmir voeg by dat kommunikasie 'n poging van mense is om hul omgewing te struktureer en te kontroleer. Kommunikasie is ook 'n basiese bestaanswyse van die mens en hierdie faktore moet deeglik in ag geneem word by 'n analise van interkulturele kommunikasiesisteme. Daarom staan hy 'n multikulturele perspektief van kommunikasie voor.

Sowel die sisteembenadering en die transaksionele perspektief beklemtoon die omvattende en ingrypende aard van kommunikasie wanneer mense met hul kulturele identiteite in transaksies betrokke is. Fitchen (Casmir) voeg hieraan toe: "Culture as a preference for particular patterns of behavior shapes both the impressive and expressive dimensions of each communicator's experience, while at the same time the communicators have an existential capability to produce some modifications of their cultures. In a phenomenological sense, they encounter one another by becoming mutually involved by means of their communication" (p. 133).

Uit hierdie breë benadering spruit 'n aantal belangrike implikasies wat essensieel is vir 'n realistiese begrip van die interkulturele kommunikasiever-skynsel en wat kan dien as 'n enigszins omvattende teoretiese benadering. Interkulturele kommunikasie word beskou as 'n komplekse verskynsel waar 'n hele aantal veranderlikes gelyktydig die kommunikasiegebeure bepaal. Die basiese vereiste van kommunikasie as proses word nagekom deur die dinamika te peil van die interaksie tussen die interafhanklike komponente van die kommunikasiesisteme. Die konstituering van betekenis deur die dialoog waaraan die partye deelneem, is 'n sentrale aspek van die totaliteitsgebeure. Hierdie benadering is dus daarop gemik om kommunikasie as 'n

interpersoonlike handeling en as 'n kommunikasieverhouding te beskryf. In dié opsig is dit 'n antwoord op Howell (Asante e.a.) se kritiek van 'n oordrewe analitiese benadering van die kommunikasieverskynsel. Uit 'n hele aantal bydraes van sowel Casmir en Asante se boeke, blyk Howell se kritiek steeds geldig, ondanks die teoretiese aanwysings.

#### Sarbaugh se taksonomie

Sarbaugh (1979) se taksonomie toon ooreenkomste met die vorige benadering. Hy onderskei hier sewe komponente:

- die aantal persone betrokke in die kommunikasiehandeling
- die kanale wat gebruik word
- waargenome verhoudinge tussen die deelnemers
- waargenome bedoeling van die mededeler(s)
- kodesisteme, insluitende verbale en nie-verbale sisteme
- normatiewe patrone van oortuiging, met spesiale verwysing na waardes en rolle
- wêreldsiening as 'n spesiale kategorie van oortuiging

Hy benadruk veral die effektiwiteit van interkulturele kommunikasie en die wyse waarop die deelnemers die voorgenome doelstelling(e) van die kommunikasiesituasie bereik. Tydens hierdie proses is al die bogenoemde komponente belangrik om die resultaat van die kommunikasie te bepaal. Dit kan egter betwyfel word of Sarbaugh onder alle omstandighede presiese resultate met so 'n model sal verkry. Hy illustreer nietemin baie goed die nuttigheid van die taksonomie met voorbeelde van heterogene kommunikasiesisteme.

#### Kulturele kritiek

Voorstanders van kulturele kritiek is veral geneig tot 'n interdisiplinêre benadering van kommunikasie oor kulturele grense. Kruis-kulturele kommunikasie kry oor die algemeen baie aandag en in die besonder die interaksie tussen kulture. Hier is nie 'n belangstelling te bespeur vir die ondersoek van die kommunikasieproses as sodanig nie. 'n Prioriteit is die wyses waarop kulturele waardes 'n bydrae kan lewer tot die oplossing van interkulturele konflik. Volgens Asante e.a. kan drie operasionele vlakke by die kulturele kritici onderskei word: (i) *klassifikasie*, waar die kommunikasiehindernisse tussen kulture geïdentifiseer word, (ii) *analise*, waar dié hindernisse op grond van prioriteit, intensiteit en moelikeheidsgraad ondersoek word, en (iii) *toepassing*, waar 'n praktiese toepassing logies volg op die klassifikasie en analise.

Die bydraes van antropoloë kan veral onder hierdie benadering tuisgebring word, hoewel sommige kommunikasiekundiges ook voorstanders hiervan is. Aspekte hiervan kom ook in die boeke oor interkulturele kommunikasie voor. Goeie voorbeelde is: Burk en Lukens (Asante e.a.): *On the relevance of cognitive anthropology and ethnomethodology*; Jones (Asante e.a.): *Integrating etic and emic approaches in the study of intercultural communication*.

Die vernaamste kritiek teen hierdie benadering is dat kulturele aspekte meer aandag as kommunikatiewe faktore kry en dit dus nie as 'n suiwer kommunikatiewe benadering beskou kan word nie. Aan die kredietkant is nuttige insigte oor die invloed van kultuur op kommunikasie deur sommige kulturele kritici bygedra.

#### Interkulturele navorsing

In die boeke oor interkulturele kommunikasie waarna hier verwys word, kom talle verwysings na navorsingsbevindings voor. Dit dek 'n wye verskeidenheid van aspekte en in sommige gevalle is navorsing onderneem vóór die bestaan van interkulturele kommunikasie, soos bv. die werk van Sapir oor taal as 'n gids vir die sosiale werklikheid.

Aspekte van bevindings oor die invloed van konnotatiewe betekenis of die invloed van kultuur op taal het nie altyd direk betrekking op interkulturele kommunikasie nie, maar verskaf waardevolle agtergrond-inligting. Navorsingsbevindings uit verwante vakdisiplines soos die Linguistiek (veral psigo- en sosiolinguistiek), Antropologie, Sielkunde, Politikologie en Sosiologie word aangetref in Samovar en Porter (1976), Casmir (1978) en Asante e.a. (1979).

Dit is eerstens belangrik dat navorsing meer lig werp op bepaalde probleme of vraagstukke met betrekking tot interkulturele kommunikasie, soos Becker (Samovar en Porter 1976) in sy artikel: "Directions for inter-cultural communication research", aandui. Navorsing vervul ook 'n belangrike rol in voortgesette teorievorming, soos Asante e.a. opmerk: "For research to promote the development of theories in intercultural communication, we need to gather, record and analyze communication principles and assumptions as they occur and influence outcomes in different cultural environments" (p. 319).

Becker (Samovar en Porter) stel 'n baie belangrike vraag. Beskik kommunikasiekundiges oor genoegsame kennis en vaardighede om sinryke bydraes tot interkulturele kommunikasie te lewer? Howell (Asante e.a.) voorsien dat kommunikasiekundiges nog lank interkulturele transaksies moet waarneem en beskryf voordat daar sprake van deskundige verklarings van die kommunikasieverskynsel kan wees. Hiermee is egter al begin, en in sowel Samovar en Porter as Asante kom voorbeelde voor van navorsing oor interkulturele kommunikasiepatrone uit verskillende kulture.

'n Twispunt onder kommunikasiekundiges, en wat veral deur Casmir (1978) en Gruber (Casmir) bespreek word, is die voorkeur van wetenskaplikes, veral diegene uit die Westerse denkskool, vir kwantitatiewe navorsingsmetodes. 'n Oorbeklemtoning van eersgenoemde metode, 'n negering van kwalitatiewe metodes en 'n reaksie teen die behaviorisme, veral in die VSA, is die belangrikste redes vir Casmir se standpunt. Hy sê: "... let me emphasize that I am not attacking the necessary discipline of a rigorous scientific approach, or the use of well established methodologies, if we have first made as certain as

possible that we are indeed being both scientific and rigorous, and that we have truly developed methodologies which are applicable in our areas of concern" (1978, p. vi).

### Besluit

Die omvang en inhoud van interkulturele kommunikasie blyk uit die elftal boeke wat hier bespreek is. Daar heers klaarblyklik eenstemmigheid oor die belang van hierdie studiegebied, maar daar kom tog ook nog verskillende nuanserings oor die presiese grense van die terrein voor. 'n Vergelyking van die verskillende werke toon verder dat daar betreklike groot eensgesindheid oor die belangrikste veranderlikes bestaan, hoewel hierdie veranderlikes binne verskillende teoretiese raamwerke geïnkorporeer word. Op die gebied van navorsing is daar nog nie noemenswaardig veel uitgerig nie, maar daar sou verwag kon word dat dit gedurende die huidige dekade sterk beklemtoon gaan word.

### Toepassingsmoontlikhede van interkulturele kommunikasie

Uit die oorsigtelike bespreking van die belangrikste boeke blyk 'n aantal toepassingsmoontlikhede vir interkulturele kommunikasie te realiseer. Opsommenderwys kan dit só gestel word:

- Interkulturele kommunikasie is reeds 'n gevestigde spesialisingsgebied in die Kommunikasiekunde en kursusse word op voor- en nagraadse vlak aangebied. Kennis hieroor is noodsaaklik vir beroepe in verband met die massamedia, skakel- en reklamewerk, inligtings- en voorligtingsdienste.
- Vir opleidingsprogramme waaraan verskillende kultuurroepe deelneem en ook om arbeidsverhoudinge in veral die nywerheid beter te hanteer, sal die gespesialiseerde kennis van kommunikasiekundiges nodig wees.
- Vir 'n beter begrip van volkereverhoudinge by die algemene publiek, die uitwys van moontlike wrywingsareas en wyses hoe dit in die daaglikse kontaksituasies gehanteer moet word, en hulpverlening in die voorkoming en oplossing van interkulturele konflik, is die bydraes van kommunikasiekundiges onontbeerlik.

Op vele terreine van daaglikse aktiwiteit bestaan daar uitdagings vir die kommunikasiekundige. Soos uit die oorsig blyk, is baie aandag ook nodig vir die wetenskaplike bestudering van die interkulturele kommunikasieverskynsel.

### Verwysings

- Asante M.K., Newmark E. en Blake C. A. (Reds) (1979) *Handbook of intercultural communication*. Beverley Hills: Sage Publications.
- Casimir, F.L. (Red) (1978) *Intercultural and international communication*. Washington: University Press of America.

Cherry, C. (1971) *World communication: Threat or promise? A sociotechnical approach*. New York: Wiley.

Condon, J.C. en Yousef, F.S. (1975) *An introduction to intercultural communication*. Indianapolis: Bobbs-Merrill.

Fischer, H. en Merrill, J.C. (Reds) (1976) *International and intercultural communication*. New York: Hastings House.

Hall, E.T. (1969) *The hidden dimension*. New York: Anchor Books.

Harms L.S. (1973) *Intercultural communication*. New York: Harper and Row.

Oliver, R.T. (1962) *Culture and communication. The problem of penetrating national and cultural boundaries*. Springfield, Illinois: Charles C. Thomas.

Prosser, M.H. (1978) *The cultural dialogue: An introduction to intercultural communication*. Boston: Houghton Mifflin.

Rich, A.L. (1974) *Interracial communication*. New York: Harper and Row.

Samovar, L.A. en Porter, R.E. (1976) *Intercultural communication: A reader*. Belmont: Wadsworth.

Sarbaugh, L.E. (1979) *Intercultural communication*. Rochelle Park: Hayden.

Sitaram, K.S. en Cogdell, R.T. (1976) *Foundations of intercultural communication*. Columbus: Charles E. Merrill.

Smith, A.G. (Red) (1966) *Communication and culture. Readings in the codes of human interaction*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Smith, A.L. (1973) *Transracial communication*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Stewart, E.C. (1974) *An overview of the field of intercultural communication*. Washington, D.C.: A paper delivered at a conference at the American University.

Tiley, A.S. (1974) *Bridging the communication gap between black and white*. Cape Town: Tafelberg.